



« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »



Kyno_μAlgae™ Super en Kyno_μAlgae™ Complex

Naam:

Kyno_μAlgae™ Super en Kyno_μAlgae™ Complex.

Kyno_μAlgae™ Super bevat meer aminosure wat stresbestuur asook die kwaliteit van dit wat geproduseer word verbeter terwyl Kyno_μAlgae™ Complex minder op stresbestuur en meer op die stimulasie van groei konsentreer.

Eienskappe (Wat):

Die hoofbestanddeel van hierdie produkte is **AgriAlgae®** - 'n vloeibare konsentraat van mikro-alge wat maklik verdun kan word.

Kyno_μAlgae™ bevat die volgende:

- Aminosure en peptiedes: Glutamiensuur, leusien; alanien; valien; lisien; isoleusien; treonien; serien; histidien; asparagien; glikokol; fenielalanien; triptofaan; metionien; aspartiese suur; arginien; tirosien; prolien; sistien en glutamien.
- Voorlopers vir produksie van Vitamien A, Vitamien E, Vitamien B-kompleks asook anti-oksidente.
- Pigmente: Fikosianien, chlorofil en karatenoïedes.
- Hormone: (byvoorbeeld ouksien, sitokien, gibberliene, jasmoniese suur, ens.) en suikers.

Voordele (Hoekom):

- **Kyno_μAlgae™** is 100% mikro-alge en bevat geen afval van diereprodukte nie. Omdat dit van plantaardige oorsprong is, is die L-aminosure in 'n fisiologies aktiewe vorm wat deur die gewasse herken word en sodoende hul doeltreffendheid verhoog.
- **Kyno_μAlgae™** kan in die grond of op die blare toegedien word omdat wortel- en blaarweefsel aminosure geredelik absorbeer.
- **Kyno_μAlgae™** is 'n gekonsentreerde bron van aminosure wat verskil van ander alge-produkte omdat dit onder volledig beheerde toestande geproduseer word. Dit lei tot 'n konstante samestelling en gehalte waarop jy kan vertrou.
- **Kyno_μAlgae™** bevat die 20 aminosure wat in relatiewe hoë konsentrasies en in 'n verhouding soortgelyk aan gewasse, voorkom. Aminosure het spesifieke rolle soos om byvoorbeeld verdraagsaamheid teenoor omgewingstres soos droogte, soutgehalte en hoë temperature te verhoog.
- **Kyno_μAlgae™** bevat voorlopers wat gebruik word om vitamienes te produseer asook anti-oksidente wat die selwand-membrane stabiliseer.
- **Kyno_μAlgae™** bevat verskillende pigmente wat die uiteindelijke kleure van vrugte en groente kan verbeter.
- **Kyno_μAlgae™**-produkte het drie voordele:
 - Verhoogde produktiwiteit – kunsmisdoeltreffendheid word verhoog deurdat die opname van voedingstowwe en die vervoer vanaf die wortels na die plantorgane verbeter. Dit kan lei tot hoër opbrengste wanneer ander produksiefaktore nie beperkend is nie. **Kyno_μAlgae™**-produkte is aanvullend tot kunsmis en kan nie as 'n plaasvervanger vir kunsmis gebruik word nie.
 - Beter gehalte – hierdie produkte kan metaboliese prosesse optimaliseer deur die gewas van energierike molekules te voorsien. Hierdie energiebesparing vir die gewas beteken dat assimilate wat deur die plant produseer word, gebruik kan word om gehalte te verbeter.

- Beter stresbestuur – daar is heelwat bewyse dat eksterne toedienings van aminosure voordat omgewingstres intree, plante voorberei om die uitwerking van die stres te verminder. **Kyno_μAlgae™**-produkte kan ook na strestoestande gebruik word (bv. hael, onkruidodderskade, ongunstige temperature, droogtestremming, ens.) wat gewasse in staat stel om vinniger te herstel.

Toediening (Hoe):

Kyno_μAlgae™ Super - Grondtoediening:

Groente: 1 l/week gedurende die vegetatiewe stadium en 2 l/week deur die vrugset/vrugontwikkelingsfase.

Vrugtebome: 6-12 l/ha verdeel in 2 tot 5 toedienings tydens "growth flushes" en voor strestoestande of wanneer die gewaslading en die voedingstofaanvraag hoog is.

Wingerde: 4-6 l/ha van 3-5 toedienings (12-30 l/ha)

Kyno_μAlgae™ Super - Blaartoediening:

Groente: 250-300 ml/100 l met 3-6 toedienings elke 15 dae

Vrugtebome: 250-300 ml/100 l met 2-4 toedienings

Wingerde: 250-300 ml/100 l met 3-6 toedienings

Kyno_μAlgae™ Complex:

Rygewasse: 2-3 l/ha by plant verkieslik saam met (in kombinasie)

KynoPop® of 2-3 l/ha as 'n blaarvoeding verkieslik saam met (in kombinasie met) die **Oemff®**-reeks blaarvoedings.

Vestiging van boord: 6-10 ml/plantgat verkieslik saam met **KynoPop®**.

Gebruike (Waar):

Vir opbrengs- en gehalteverbetering, word **Kyno_μAlgae™**-produkte toegedien voor hoë metaboliese aktiwiteit soos: Mielies en sorghum; kop- en blominisasie asook graanvul. Sojabone; voorkoming van blomval en verbeterde peulvul. Koring; verbeter stoel, aar- en blominisasie asook graanvul. Groente; knol/bolinisasie, vrugset en rypwording, bv. aartappels en uie. Boord; knopinduksie, blomperiode, vrugvul, rypwording en na-oes herstel by bome en nog vele meer.